**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VIRTUELE VERGADERING GEHOU OP MAANDAG 08 FEBRUARIE 2021 OM 10:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdd. R Van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. J Breunissen | : | Bestuurder: Siviele Ingenieursdienste |
| Mnr. J Strümpher | : | Hoof: Siviele Dienste (Piketberg) |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VIRTUELE VERGADERING GEHOU OP MAANDAG 08 FEBRUARIE 2021 OM 10:00 VANAF PIKETBERG.**

**AKSIE**

**BKN001/02/2021**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadslid Du Plooy die vergadering open met gebed.

Die Voorsitter bedank almal vir die flinke reaksie om die in-persoon vergadering te verander na 'n virtuele vergadering as gevolg van onvoorsiene omstandighede.

***

**BKN002/02/2021**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN003/02/2021**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar gesamentlik dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die item op die agenda het nie.

***

**BKN004/02/2021**
**PYPBREUKE PIKETBERG**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Aanhangsel A)***

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Die Direkteur Tegniese Dienste gee breedvoerig agtergrond oor die item onder bespreking. Die Bestuurder: Siviele Ingenieursdienste en Hoof: Siviele Dienste (Piketberg) gee aanvullende inligting tot die item.

Die Speaker spreek sy ongelukkigheid uit met betrekking tot die wyse waarop die pypvervangings hanteer word en doen 'n beroep op alle Raadslede, Direksie en Amptenare om dienslewering aan die publiek hul eerste prioriteit te maak. Hy versoek verder dat klagtes so spoedig moontlik aandag sal geniet en opgelos word.

Uiteenlopende insette, kommentaar en vrae word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Direkteur Tegniese Dienste 'n implementeringsplan met betrekking tot mylpale en teikendatums vir die pypvervangings, voorlê vir bespreking /implementering by die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos geskeduleer vir Dinsdag 23 Februarie 2021 en dat 2 weeklikse opdaterings rapporteer word by die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergaderings.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (23/02/2021)***

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:25***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

_____________________________ __________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***